

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
13 Februarie 1977

Onderwerp: Vergeef ons ons skulde

Lees: Matthéüs 18 verse 15 tot 35  
Matthéüs 6 verse 9 tot 13

Teks: Matthéüs 18 verse 23 tot 35  
Matthéüs 6 vers 12

Sing: Psalm 84 vers 1  
Gesang 76 verse 1 en 3

“Die gebed vir vergifnis beklee ’n besondere plek in die Onse Vader. Dit kom direk na die gebed vir daaglikse brood. Wat meer is, dit word daaraan gekoppel met die woordjie ‘en’. En hierdie woordjie mag nie oor die hoof gesien word nie.

“Die gebed vir brood vertolk die nood van die liggaam; en die gebed vir skuldvergewing word gebore uit nood van die siel. Hierdie twee kan nie van mekaar losgemaak word nie. Die mens het beide nodig: brood vir die liggaam en vergifnis vir die siel.

“Daar is baie mense wat genoeg het aan brood vir die liggaam. Daarvoor word gestry en gely; gewerk en selfs oorlog gemaak; en gebid en gesondig. Ja, die goddelose materialisme wil die mens wysmaak dat hy van brood alleen kan lewe.

“Hierteenoor leer Jesus Christus ons ondubbelsinnig dat die mens nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van God uitgaan. En die belangrikste woord wat die skuldige mens uit die mond van God kan hoor, is vergewing.

“Broers en Susters, in die lig hiervan kan ons onself afvra of daar ’n regte balans is tussen die stoflike en die geestelike in ons lewens. Neem die gebed vir brood en die geworstel vir brood nie ’n té groot plek in ons lewens in nie? Kom die geestelike, wat wel tog die belangrikste is, tot sy reg in ons lewens? Bid ons ook in alle erns dat God ons skulde vergewe? Want sondeskuld is veel erger as broodsgebrek. Die Bybel leer ons dat ’n mens wat oor brood beskik maar geen vergewing ontvang het nie, nog ’n verlore mens is.

“Die Bybel leer ons ook dat Jesus gekom het sodat ons brood en vergifnis kan ontvang.

“Twee begrippe staan in hierdie gebede voorop: skuld en vergewing.

“Wat is skuld? In die gelykenis het ’n Goddelike Vors sy onderdane tot verantwoording geroep - ook die hooggeplaastes in sy ryk. En so is een voor hom gebring wat 10,000 talente geskuld het. Dit was ’n groot bedrag geld, wat in ons geld ongeveer R5 miljoen was [in 2019 ongeveer R25 miljoen].

“Die skuldenaar het met leë hande voor die Vors gestaan. Hy het niks gehad om te betaal nie en het in vrees en droefheid om genade gesmeek, om lankmoedigheid en uitstel. In plaas van uitstel het hy algehele kwytskelding ontvang. Hy is kwytgeskeld van die skuld en straf wat hy verdien het.

“Hieruit leer ons wat sondeskuld eintlik beteken. Dit is iets wat betaal moet word, maar nie betaal is nie. Skuld beteken dat ek teenoor God nie gedoen het wat ek moes gedoen het nie. Dit is daardie groot ontbrekende in ons lewe. Broers en Susters, verstaan ons dit? Besef ons hoe groot ons skuld werklik is?

“Dink daaraan. Dit is my lewenstaak as skepsel uit God se hand, om God te verheerlik, maar wat het daarvan in my lewe tereg gekom? Saam met Adam is ek in die skuld by God vanweë my ongehoorsaamheid. Ek het deur woord en daad oortree. Nie alleen het ek versuim om te betaal nie, maar daadwerklik die verkeerde gedoen deur Satan aan te hang. Dit het 10,000 talente geword wat ten hemele roep. Ek staan met leë hande voor God, met niks om te betaal nie. Weet u nou wat skuld is?

“Ons lewe kan mooi voor mense vertoon, maar hierbinne is alles troebel. Skuld kan ’n swaar gewig in ons lewe word as ons nie daarmee werk maak nie. En nou is daar verskillende maniere om met skuld te werk te gaan:

“Jy kan dit probeer vergeet, soos so baie probeer doen. Jy kan jou skuld verbloem, maar voor God werk hierdie metode nie. Voor God kan niks weggesteek word nie. Alleen die waarheid bring vrede.

“Sommige volg die metode van boetedoening, selfkastyding en selfofferhande. Maar dit is ’n doodloopstraat. Ek kan nooit weer uit myself goed maak wat ek voor God verbrou het nie.

“Nog ’n manier om met skuld te probeer handel, is om te redeneer dat God my so gemaak het soos ek is en dat ek nie verantwoordelik is vir my dade nie. By sulke mense is daar nooit sprake van ware skuldgevoel

nie, want hulle gewete is afgestomp en hulle sin vir verantwoordelikheid het verdwyn.

“Daar is maar net een manier om van jou skuld voor God ontslae te raak. Dit is om Jesus Christus, wat in jou plek vir jou skuld betaal het, as jou Verlosser aan te neem; en om jou skuld met ware berou, belydenis en erkenning voor God en Jesus Christus te bring en vergifnis te vra. Dit is n t Jesus Christus wat die skuldenaar vry maak. N t Hy vergeef.

“Jesus s  vir die mense van alle tye: Gaan na God met al jou skuld. Moenie dit probeer vergeet en verdring nie. Nee, skuld moet bely word. Dan alleen val die gewig van die skouers af.

“Maar weet ons wat die woord vergewing alles inhou? Die Griekse woord vir vergewing beteken letterlik om iets weg te stuur; of te laat gaan. Maar dit beteken nie om die o  te sluit vir die kwaad, skuld en sonde nie. As God ons sondes vergewe, beteken dit nie sondermeer dat God ons sondes beskou asof dit nooit gebeur het nie. O nee, gaan kyk na Golgota! Daar het God sy Seun met die skuld van die mens laat worstel en Hom daarvoor laat sterf. God het ons skuld op Jesus Christus geplaas en Hom in ons plek gestuur na Godverlate dieptes, sodat ons nooit weer verlate sal wees nie. D t is wat vergewing behels.

“Die genade van die HERE is ’n Goddelike wonder. Sy liefde en vergewensgesindheid is onnaspeurlik. Hy het alles gegee om ons sondes te vergewe.

“In die gelykenis in ons teksgedeelte is ’n man wat 10,000 talente verskuldig was, geheel en al kwytgeskeld. ’n Mens sou verwag dat hierdie man se gemoed sou oorgeloop het van dankbaarheid en uiting gevind het in liefde teenoor sy medemens. Maar dit was nie die geval nie. Toe hy iemand ontmoet het wat hom 100 pennings geskuld het, het hy ge is: ‘Betaal my wat jy my skuld.’ (Matt 18:28) En toe die man gesmeek en gepleit het, soos hy eenmaal voor die Vors gedoen het, was daar by hom geen medelye en geen sprake van vergewing nie. Hy wat van R5 miljoen kwytgeskeld was, was nie bereid om hierdie man kwyt te skeld wat hom R5 geskuld het nie. Wat ’n teenstelling tussen die dienskneg en die Vors. Geen wonder dat hy aan pyniging oorgegee is nie.

“Hierdie gelykenis eis dat ons onself hieraan moet toets. In die Onse Vader is ’n belangrike deel bygevoeg: ‘... soos ons ook ons skuldenaars vergewe’. (Matt 6:12) Hoe staan dit met ons vergewing van ons naaste? Kan

ons in opregtheid bid: ‘... vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe’? (Matt 6:12)

“Ons is geneig om hierdie onbarmhartige dienskneg te verwyf. Maar wat van ons eie lewens, wat só onversoenlik, onbarmhartig en onvergewensgesind is? God is bereid om my 10,000 talente vry te skeld, maar ek is nie bereid om die 100 pennings van my buurman af te skryf nie. Hoe versuur ons nie mekaar se lewens nie!

“Dan is daar ook diegene wat sê dat hulle bereid is om te vergewe, maar toevoeg dat die verhouding nooit weer soos tevore kan wees nie. Dit is nie hoe God vergewe nie. God vergewe volkome en Hy verwag dat sy kinders dit ook sal doen.

“Broers en Susters, ons vergifnis van ons medemens is ’n vrug van die vergifnis wat ons van God ontvang het. Dit is God se genade wat jou hart omskep en jou in staat stel om ander te vergewe. As ons dus vergewe, is dit ten diepste nie ons werk nie, maar die werk van ’n genadige God.

“Dit is heerlik om te vergewe. Heerlik wanneer die hoë mure van Jerigo, waaragter ons jare gesit het om ons medemens te bombardeer, uiteindelik val. Dan is jy vry.

“Met God is alles moontlik. Stefanus bid: ‘Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!’ (Hand 7:60)

“Broers en Susters, dit is eintlik Jesus Christus se soenverdiensde aan die kruis en sy hande wat my en my naaste omhels en aan ons die genade gee om mekaar te vergewe en saam te kniel. Voor God word ek en my naaste weer een: kinders van een vergewende Vader, versoendes in die bloed van die Lam.

“Amen.”